(ii) DATUM :

DESEMBER 1985

(iii) PLEK :

LESOTHO / MASERU

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

As gevolg van die ANC aanval op lede van die Suid Afrikaanse Polisie in die Wes-Kaap in die maande wat Desember 1985 voorafgegaan het Seksie C1 eenheid begin werk in die Ladybrand-gebied wat gegrens het aan Lesotho en wat naby geleë was aan die hoofstad van Leshotho, naamlik Maseru.

Gedurende November en begin Desember 1985 was daar wrywing tussen die regering van Lesotho en die destydse Staats President van Suid Afrika, Mnr P W Botha. Die wrywing was veral toe te skryf aan die teenwoordigheid van ANC terroriste in Lesotho.

Op 'n oggend in Desember 1985 was ek deur Brigadier Willem Schoom gevra of my eenheid daartoe in staat sou wees om 'n aanval

te loods in Lesotho. Ek het aan hom te kenne gegee dat dit wel moontlik was en het hy my versoek om 'n skriftelike voorlegging aan hom te doen. Ek het aan Brigadier Schoon gevra wie hierdie opdrag gegee het en Brigadier Schoon het aan my te kenne gegee dat dit van "heelbo" kom. Ek het aan hom gevra of dit beteken dat die Staats President toestemming gegee het en het Brigadier Schoon toe instemmende geknik. Die Staats President op daardie stadium was Mnr P W Botha gewees. Die operasie was nog dieselfde dag goedgekeur en in ongeveer die derde week in Desember 1985 het ek en nog 5 lede van my eenheid 'n aanval geloods in Maseru.

Maseru was op daardie tydstip gepatrolleer deur baie swaargewapende Weermag lede van die "Lesotho Defence Force". Ongeveer 30 min voor ons die teiken-huis sou aanval, het ons die berig van 'n bron ontvang dat twee van die besoekers, waarvan een 'n teiken was, die teiken-huis verlaat het. My herinnering was dat een van die persone 'n kleurlingman, JOE, was. Ek het twee lede afgedeel om na die huis van Joe te gaan en ek en die drie ander lede het beweeg na die teiken-huis.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Met ons aankoms by die teiken-huis het ons 'n man uit die huis sien kom en in sy motor na iets gesoek. Ons was ongeveer 20m van die motor af toe die man in die motor ons bemerk en probeer uitklim. Ek het twee skote na hom gevuur en hy het half binne in die motor gelê.

Hy was dood

Twee lede het buite die huis stelling ingeneem om enige aanvalle van buite af die hoof te bied. Ek en nog 'n lid van my eenheid het intussen die huis binnegestorm en in die huis ongeveer 6/7 mense doodgeskiet. Na die beste van my wete en inligting van die bron en die Veiligheidspolisie Ladybrand, was al hierdie persone lede van die ANC se militêre vleuel. Die twee lede wat na die huis van Joe gegaan het, het gerapporteer dat hulle gesukkel het om Joe lewendig uit te bring soos wat vooraf beplan is en dat hulle toe besluit het om hom te skiet. Sy vrou het een van die lede se geweer voor aan die knaldemper gegryp waarop hy gevuur het en haar ook gedood het. Dit het later tot my kennis gekom dat daar ook 'n baba in die huis was en het die lid aan my gemeld dat hulle die baba en die baba-oppasser in die slaapkamer toegesluit het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek moes twee van my voertuie agtergelaat het in Lesotho en was toe verplig om die twee voertuie met behulp van petrol uit te brand. Die hele groep is daarna oor die Caledon rivier terug na Suid Afrika.

Ek het die nag uit die Ladybrand Veiligheidskantoor vir Brigadier Willem Schoon ingelig dat die operasie afgehandel was en dat ongeveer 9 / 10 ANC lede gedood was. Ek het ook by twee geleenthede die Polisiestasie in Maseru geskakel en die Polisie daar meegedeel dat daar 'n skietery in 'n huis was waar 'n man en vrou gedood is en dat daar nog 'n baba in die huis was. Ek het die adres

by beide hierdie geleenthede aan die Lesotho Polisie verskaf.

Al ses die lede wat die operasie uitgevoer het het later die S A Polisie Silwer Kruis vir dapperheid ontvang. Die dekorasies was nie vir die dood van die ANC lede nie, maar vir die omstandighede waaronder die operasie uitgevoer was. Later die aand was 6 x 40 mm High Explosives rondtes gevuur na die Maseru grenspos aan die Lesotho kant.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

PLUS MINUS 9 PERSONE IS OM DIE LEWE GEBRING

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING**

**VERLEEN HET :**

BRIGADIER SCHOON & VOORMALIGE PRESIDENT, P W BOTHA

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b INDIEN WEL, MELD :

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

**(VI) VERENIGDE KONINKRYK (ENGELAND) :**

**INSIDENT 1 :**

**ONTPLOFFING VAN ANC KANTORE IN LONDEN :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN**

VERBAND STAAN :

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SABOTASIE / SAAK BESKADIGING

(ii) DATUM :

VROEë TAGTIGER JARE

(iii) PLEK :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

LONDEN

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Tydens die vroeë tagtigerjare het ek en 'n sekere Kaptein J S Adam 'n besoek van Majoor Craig Williamson ontvang terwyl ons nog verbonde was aan die Veiligheidstak te Oshakati. Ek het hoegenaamd geen benul gehad waaroor die besoek gegaan het nie en het vermoed dat Majoor Williamson hom bloot op hoogte wou bring met die toestande in die operasionele gebied.

Kort na die besoek van Majoor Williamson het Generaal Dreyer,

myself en vir Kaptein Adam opdra gegee om na Pretoria te vertrek. Ons het weereens hoegenaamd geen kennis gedra waarom dit gegaan het nie, behalwe dat daar vir ons gesê is dat ons vir 'n operasie benodig was.

By die Veiligheidshoofkantoor in Pretoria, was ons ingelig dat ons vir 'n operasie na Londen sou vertrek en is ons dan ook inderdaad voorgestel aan die ander lede van die groep.

Ons het onmiddellik begin om voorbereidings te tref vir die operasie wat ondermeer ingesluit het die verkryging van vals paspoorte, reisigerstjeks, die aankoop van klere , lesings en oriëntering wat betref die teiken in Londen, naamlik die opblaas van die ANC se Hoofkantoor te Londen.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek en Kaptein Adam het verskeie kere na die ANC Hoofkantoor gegaan sodat ons onsself behoorlik kon oriënteer en vertroud kon raak met die omgewing. Ons het op 'n aand om ongeveer 21h00 en 23h00 die gebou genader as 'n groep waarvan elkeen sy eie opdragte en funksies gehad het.

Ons het 'n ploftoestel teen die agterkant van die ANC kantore geplaas, agter 'n ou verweerde gemakstoel. Die volgende oggend om ongeveer 10h00 het ek en Kaptein Adam in 'n vliegtuig vanaf

Heathrow na Brussels gevlieg. Die ander lede van die operasie het ook by ons aangesluit en het ons vanaf Brussels 'n vlug terug na Suid Afrika gekry.

Brigadier Goosen was in bevel van hierdie operasie gewees.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

ERNSTIGE SKADE AAN GEBOU

9.c

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

N V T

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND &

INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

CRAIG WLLIAMSON EN GENERAAL HANS DREYER EN WYLE BRIGADIER GOOSEN

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN

ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**(V) ZIMBABWE :**

**INSIDENT 1 :**

**CHRIS KENTANE :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN**

**VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SABOTASIE

(ii) DATUM :

VROEë TAGTIGER JARE

(iii) PLEK :

ZIMBABWE

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

In die laat tagtiger jare is 'n swart man aan my bekendgestel met die naam van Chris Kentane. Hy was 'n voormalige lid van die Rhodesiese weermag. Kentane het ook te kenne gegee dat hy op 'n stadium verbonde was aan die Selous Scouts.

Op die stadium toe hierdie persoon gewerf is, was hy werkloos gewees maar het hy te kenne gegee dat y bereid was om dienste te verrig in buurtstate teen lede van die ANC. Hy het ook te kenne

gegee dat hy by verskeie geleenthede teen ZAPU en ZANU terroriste opgetree het in Botswana toe hy vir die Rhodesiese Weermag gewerk het. Kentane het ook te kenne gegee dat hy heelwat opgetree het in Zambië. Ek het daarna vir Sersant Steve Bosch as sy hanteerder aangestel.

Kentane se operasionele gebied was spesifiek geidentifiseer as synde Botswana en Zambië te wees en juis as gevolg van die feit van sy vorige ondervinding en kennis van hierdie gebiede. Hy is ook in besit geplaas van 'n voertuig, wat ek dink 'n bakkie was, ('n geheime fonds voertuig), welke voertuig toegerus was met versteekte panele en is hy dan ook by verskeie geleenthede ingestuur na Botswana en Zambië met wapens, handgranate en springstof met die oog daarop om opslagplekke te vestig en te stig.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Kentane moes ook poog om ANC en PAC lede wat hy ontmoet te bevriend en so die organisasie binne te sypel en hoë profiel teikens te identifiseer. Vir hierdie operasie was 'n versoek en aanbeveling aangeskryf en voorgelê en is dit goedgekeur deur Generaal Joubert, wat aan die Veiligheidshoofkantoor verbonde was. Kentane het 'n salaris ontvang as geregistreerde bron maar sy dienslewering was swak en teleurstellend en het hy altyd 'n verskoning gehad waarom hy nie sukses kon behaal nie. Hy het egter by twee geleenthede gerapporteer dat hy lede van die ANC gedood het. Een persoon was

'n Indiër in Zambië op 'n plaas naby Lusaka en 'n tweede ANC lid op 'n pad tussen Plumtree in Zimbabwe en Gabarone in Botswana.

Volgens hom het hy die ANC lid met 'n .25 pistool geskiet wat ook deur ons aan hom verskaf is. Kentatne het ook vergoeding ontvang vir hierdie twee voorvalle, alhoewel ons net sy woord gehad het dat hy die operasies uitgevoer het. Die skietery van die ANC lid naby Lusaka het wel in 'n R S A dagblad verskyn.

Gedurende elke geleentheid wat Kentane ingestuur was om te opereer in een van die buur lande, is daar wapens aan hom verskaf veral omdat hy te kenne gegee het dat sy vorige op-slagplekke glo gevind was en leeggemaak is. Dit het later geblyk dat Kentane 'n dubbele agenda gehad het en het ons dit vasgestel nadat hy vanaf Botswana na Zimbabwe gereis het en dan by Beitbrug die R S A binne gekom het. Dit blyk dan dat hy mense by Messina ontmoet het en dan weer Beitbrug grenspos terugbeweeg het na Zimbabwe.

Sersant Bosch is op 'n stadium oor na Direktoraat Koeverte Insameling en is Kentane toe afbetaal. Ek het egter verneem dat Kentane saam met Sersant Bosch na Direktoraat Koeverte Insameling was.

Ek het altyd die vermoede gehad dat Kentane 'n dubbele agent was -

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Kentane was by 'n geleentheid verwyder uit die Botswana/Zambië gebied en oorgeplaas na Swaziland waar hy makliker toegang gehad het en waar ons hom ook deurgaans kon monitor. In Swaziland was hy onder streng kontrole maar is hy reeds binne die eerste week deur die Swaziland se polisie van Piggs Peak gearresteer toe twee magasyne met Makarof ammunisie by hom gevind is. Ons het daarna vir borg gereël en met sy borgvrystelling is Kentane by die Swazi-grens oorgebring na die R S A.

Tydens Kentane se arrestasie was hy in besit van die Honda voertuig wat deur die Port Elizabeth Veiligheidstak vir ons gegee is. Hierdie voertuig het die Port Elizabethse Veiligheidstak weer op hulle beurt van Professor Vale gesteel.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Kentane was slegs vir buitelandse operasies aangewend en behalwe vir twee skietvoorvalle waar hy ANC lede sou gedood het was hy onsuksesvol en het hy nie aan die verwagtinge en doelwitte voldoen nie.

Kentane het ook aan my vermeld dat hy skakeling het met 'n bende groep in Zambië wat ongeveer 300 - 400 man sterk was en bereid was om die ANC huise aan te val en strooptogte en huisbrake te loods op die ANC huise.

Hierdie sou 'n geleentheid wees om die ANC in Zambië te ontwrig, maar Kentane het gemeld dat die bendes wapens het maar nie ammunisie nie. Ek het dit op 'n stadium oorweeg om ammunisie af te gooi met valsskerms vir bendes wat saam met Kentane op die grond as ko-ordineerder was, maar die idee het nooit die beplanningsfase bereik nie.

Kentane se dekking was dat hy 'n algemene agent was vir produkte in die R S A en dat hy bestellings sou neem vir welke produkte belangstellendes ook nodig sou hê. Hy het ook kwitansies en bestellingsboeke gehad en ek dink hy het onder die naam van Hennops Hawkers gewerk, met 'n posadres by die Erasmia Poskantoor.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

ONBEKEND

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?**

NEE

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

** SAL LATER VERSKAF WORD

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b INDIEN WEL, MELD :

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

INSIDENT 2 :

Zimbabwe-burgers
~~KENTANE~~ : VOERTUIG MET PLOFSTOF :

9.a BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAMESWERING OM MOORD TE PLEEG

(ii) DATUM :

LAAT TAGTIGER JARE

(iii) PLEK :

ZIMBABWE

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Gedurende die laat tagtiger jare het ek twee Zimbabwe burgers ontmoet deur bemiddeling van Mnr Peter Casselton. Hierdie twee Zimbabwe burgers, van wie ek nie nou die name kan onthou nie, was vanaf Bulawayo en het hulle noue bande gehad met ANC lede in Bulawayo, sowel as met ANC lede in basis kampe buite Bulawayo.

Na ongeveer twee maande se inligtingslewering, het ek 'n voertuig wat gesteel was en verander was laat voorberei met 'n afstandbeheerde lading springstof wat hierdie twee bronne in moes

neem na 'n ANC basis toe of moes laat by 'n ANC huis.

Hierdie voertuig was ingestuur na Zimbabwe en na bewering op beslag gelê eur die Zimbabwe se polisie. Die bronne het geweet van die ladingspringstof en het ook die afstandbeheerde toestel gehad. Dit is heel moontlik dat die bronne die plofladíng kon verwyder het en die voertuig vir hulleself toegeeien het.

My herinnering is dat dit 'n BMW voertuig was. Ek kan egter nie onthou van wie ons die voertuig het nie. Ek kan nie onthou of Brigadier Schoon ingelig is rondom hierdie voorval nie , maar ek glo ek het en ek neem wat my deelname betref, volle verantwoordelikheid vir hierdie optrede.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

ONBEKEND

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES:**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET**

GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?

JA

11.b INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :

** SAL LATER VERSKAF WORD

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

12. INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

*****************************************************

C

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

# BINNELANDSE OPERASIES :

## INSIDENT 1 :

**WAPENVOORSIENING AAN IVP (THEMBA KHOZA, VICTOR NDLOVU EN C J MTETHWA) :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

SAHA

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAMESWERING, MOORD, SABOTASIE, HOOGVERRAAD, SAAKBESKADIGING, REGSVERYDELING, BEGUNSTGING, OORTREDINGS IN GEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE
ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE
ALLE ANDER MISDRYWE WAT BLYK UIT DIE FEITE

(ii) DATUM :

(iii) PLEK :

SUID AFRIKA - PRETORIA & JOHANNESBURG

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Op 'n stadium het Willie Nortje wat voorheen verbonde was aan my eenheid my versoek dat ons die IVP moes bystaan in hulle stryd teen die ANC. Brood van Heerden het vir Nortje genader en gemeld dat hy slegs IVP lede by sy werk aanstel waar hy werksaam was te ABSA en dat hy wil hê dat ons hom behulpsaam moes wees met die verskaffing van wapens ammunisie en handgranate aan die IVP.

Ek het keer op keer geweier en wou nie in 'n oorlog betrokke raak nie. Ek het egter na die 4de of 5de keer toegegee en gesê dat ek sal saamgaan om IVP lede te ontmoet. Ek het toe vir Victor Ndlovu en Temba Khoza by Brood van Heerden se woonstel ontmoet. Op daardie stadium tydens die ontbanning van die ANC en was ek in my hart daarvan oortuig dat Suid Afrika op die punt was om 'n burgeroorlog-situasie te betree. Ek het geweet dat die blankes van Suid Afrika nie bereid sou wees om te veg vir hulle voortbestaan nie en het ek besluit dat die enigste heil dan geleë sou wees om die IFP te help. Die aanvanklike gedagte was om die IFP eers net te help om hulleself te beskerm. Ek het ook geweet dat hierdie hulpverlening in lyn was met die algemene gevoel oor die IFP onder polisie geledere. Op daardie stadium het ek kennis gedra van verskeie projekte wat geloods is

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ondermeer wat ingesluit het die stigting van die Inkata Vakbond Jeuggroep, ene Kaptein Frederick Botha het byvoorbeeld aan my gesê dat 'n massiewe hoeveelhede gelde deur die Polisie bewillig is vir die IFP. Soos te wagte het daar ook na die ontbanning van die ANC, of soos ek verwag het, geweld los gebars in die Transvaalse gebied en het ek so sterk oor hierdie geweld gevoel dat ek self bereid was om in 'n stryd te tree teen die ANC.

Temba Khoza het my toe verwittig dat hulle deur die ANC lede uitgewis word. Die Zoeloes is klaarblyklik nie opgelei nie terwyl die ANC wel opgelei is en is hulle byvoorbeeld afgemaai deur MK soldate wat deur die ANC bewapen is. Die Zoeloes was slegs aangewese gewees op assegaaie en knopkieries, het geen vervoer fasiliteite gehad nie en ook ,geen finansies vir onder meer kantore, skryfbehoeftes ens nie. Tydens 'n begrafnis van 'n IFP lid is handgranate tussen die IFP lede ingegooi en toe het dit my finaal laat besef dat die ANC besig is om die IFP uit te wis en af te maai. Ek wens daarop te wys dat ek op hierdie stadium nog nie uitklaring gekry het by die senior offisiere in die Veiligheidspolisie nie, maar het ek geweet dat ek inderdaad toestemming sou verkry vir sodanige optrede. Ek het daarna 'n verdere afspraak gemaak vir die volgende aand en tydens hierdie ontmoeting het ek aan Temba Khoza haelgeweer patrone, R1 patrone en Oos-blok handgranate naamlik RDG5's en F1 handgranate gegee. Die wapens is verkry vanaf die

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

??????????op Vlakplaas, waar 'n groot aantal wapens bewaar is. Die wapens is verkry van die voormalige Suid Wes Afrika en is hoofsaaklik deur Koevoet-lede op beslag gelê gedurende operasies. Ek is nooit vir die verskaffing van hierdie wapens betaal nie. Ek kan ook vermeld dat ek 'n groot hoeveelheid staatsammunisie, wat nie deel was van die Koevoet besending wapens nie, ook an Themba Khoza gelewer het.

Ons (ekself, Willie Nortje) het weer by Brood van Heerden se woonstel ontmoet en van daar gery na 'n industriële gebied in Johannesburg. Daar het ons vir Victor Ndlovu en Temba Khoza ontmoet en die wapens in die kattebak van hulle voertuig gelaai. Dit was die begin van die wapenverskaffing aan die Zoeloes. (IVP).

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ons het aanvanklik net Oos blok handgranate aan Temba Khoza-hulle verskaf totdat dit opgeraak het. Die verskaffing van wapens aan die IVP was eers net sporadies gewees. Op 'n stadium het ek 'n gesprek gevoer met Generaal Krappies Engelbrecht tydens 'n funksie op Vlakplaas - eers het Brood van Heerden en Willie Nortje die hele aand geneul dat hulle outomaties gewere naamlik AK 47 gewere aan die Zoeloes wou verskaf. Ek het geweier en voorgestel dat ons tuisgemaakte wapens aan hulle verskaf. Brood van Heerden was teleurgesteld maar ek en Willie Nortje het na Generaal Engelbrecht gegaan en die aangeleentheid met hom bespreek. Hy was baie

ontvanklik vir die idee en het daarna die aangeleentheid met Generaal Nick van Rensburg wat ook by die funksie was, bespreek. Ook Generaal Nick van Rensburg het sy goedkeuring te kenne gegee.

Wat betref die finansiering van hierdie operasie het Generaal van Rensburg dit weer op sy beurt my Generaal Basie Smit bespreek. Ek is nie seker wat daar tussen die twee Generaals gesê is nie, maar Generaal van Rensburg het na my teruggekom en gemeld dat ons die fondse op die gewone manier moes genereer wat beteken het dat vals eise ingesit moes word , genoeg om op my aanbeveling 100 tuisgemaakte haelgewere te maak.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het nog dieselfde aand Met Lionel Snyman en Snor Vermeulen geskakel en hulle het aan my genoem dat hulle 'n veilige kontak het en dat hulle die beplanning sal doen vir die vervaardiging van die haelgewere. Lionel Snyman en Snor Vermeulen het later 'n skets van 'n haelgeweer aan my getoon en ek was tevrede. Snyman en Vermeulen het die aangeleentheid met hulle kontak persoon, Derrick, Rausche bespreek. Gesamentlik is die koste daarvan uitgewerk asook die omskakeling van die masjinerie om die spesifieke snywerk te doen en ook die verlies wat dit vir Derrick Rausch gaan meebring. Die totale kostes was ongeveer R60 000. Die vals eise is daarvoor deur Generaal Basie Smit goedgekeur. Generaal Smit het egter te kenne gegee dat die eis in twee afsonderlike eise opgebreek moes word

aangesien een eis van R60 000 te groot was.

Daar is snags gewerk aan die gewere. Dit het ongeveer 2 - 3 weke lank geduur en 100 haelgewere is gemaak. Die slagpen is so ontwerp dat dit na 4 of 5 skote moes afbreek en het dit dan ook inderdaad ook so plaasgevind. 50 of 60 gewere is aan Temba Khoza oorhandig. Ons het toe nog 'n verdere 30 of 40 gewere na Generaal Jack Buchner gestuur wat my later laat weet het dat die slagpenne afbreek sodra die wapens gevuur word. Generaal Buchner het by 'n vorige geleentheid my versoek om sogenaamde "spook-wapens" (onwettige en ongelisensieerde wapens, in besit van die Polisie) aan hom te verskaf, wat ek dan ook gedoen het. Ek het aan hom 8 of 9 van hierdie wapens gestuur en het Generaal Buchner net aan my te kenne gegee dat hy die wapens vir operasies nodig het.

Buchner het weer op 'n stadium weer vir my wapens gevra en het ek toe vir hom gesê dat hy die tuisgemaakte haelgewere kan kry en is dit toe ook an hom gestuur. Willie Nortje het persoonlik die wapens afgeneem na Generaal Buchner toe. Ons het nog op die pad naby Ulundi ontmoet waar ek en Nortje die wapens Generaal Buchner se motor gelaai het. Buchner het toe nog te kenne gegee dat hy sy eie optredes aan die gang het en was daar by my hoegenaamd geen twyfel nie dat hy die wapens gebruik het om Inkata van hulp te voorsien.

Ons het nooit weer die haelgewere van hom terug ontvang nie.

Van die haelgewere wat ons aan Themba Khosa oorhandig het het teruggekom en was die slagpenne afgebreek - ons het die slagpenne herstel en dit aan hom teruggegee.

Ons het nooit weer die haelgewere van hom terug ontvang nie. Van die haelgewere wat ons aan Temba Khoza oorhandig het, het terug gekom en was die slagpenne afgebreek gewees. Ons het dan van die slagpenne herstel en dit aan hom teruggegee.

Op 'n latere stadium is ongeveer 'n verdere 50 van die gewere gemaak waarvan 20 of 30 van die gewere op versoek van Generaal Steyn van Durban aan hom oorhandig is. Generaal Steyn het gereeld wapens by Vlakplas kom afhaal en was hierdie versoek van hom hoegenaamd nie ongewoon nie. 'n Verdere 20 waarvan al die stukke en onderdele los was is vernietig saam met ander plofstof. Ek bevestig dat ons hierdie wapens gaan vernietig het nadat ek verneem het dat ek 'n pakket gaan kry en verplig gaan word om uit die Polisie se diens te tree. Ons het voortgegaan om die wapens met plofstof te gaan vernietig, waar dit geleë was te die Mekkem persele. MECHEM

Tydens die reeds vermelde funksie te Vlakplaas is daar ook genoem dat Temba Khoza hulle probleme het met vervoer. Ek het aan

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Generaal van Rensburg gevra of ons 'n Nissan Sentra geheime voertuig op die naam van Temba Khoza kon registreer met 'n vals adres in Pretoria. Generaal van Rensburg het ingestem en Temba Khoza moes elke maand die kilometerlesing en petrolstrokies aan my kantoor verskaf. Dit is dieselfde voertuig waarin die wapens gevind is wat gebruik is in die Sebokeng slagting. Die voertuig is later deur Temba Khoza in 'n botsing afgeskryf.

Ons ook begin om AK47 gewere aan Temba Khoza hulle te oorhandig. Die gewere was nie daartoe in staat on ten volle outomaties te kan vuur nie - daarna het ons besluit om die AK47 gewere te modifiseer sodat hulle slegs semi-outomaties kon skiet. Die wapens was soos benodig aan Temba Khoza voorsien. Ammunisie is egter meer gereeld verskaf en later het ons die AK 47 gewere se lope korter afgesny sodat die akkurate trefafstand slegs ongeveer 20 meter is. Brood van Heerden en Victor Ndlovu het hulle hieroor bekla. Ek het egter gemeld dat ek voorsiening gaan staak want hulle redes was dat hulle die wapens vir selfverdediging wou gebruik het en die wapens met die korter lope was goed genoeg daarvoor gewees.

Dit het later duidelik aan my geword dat Tema Khoza nie die aangestelde verteenwoordiger vir die IVP streek in Transvaal was nie, maar dat dit wel Humphrey Ndlovu was - Temba Khoza was bloot die jeugleier gewees. Ek het gevra om vir Humprey Ndlovu, Temba

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Khoza en 'n IVP minister te sien. Die ontmoeting het in Brood van Heerden se woonstel plaasgevind.

Tydens hierdie ontmoeting was ekself teenwoordig , Victor Ndlovu, Temba Khoza, Humprey Ndlovu, C J Mtetwa en Willie Nortje. Daardie aand is besluit om nog net een besending wapens aand Temba Khoza te lewer. Die laaste besending wapens was twee of drie tuisgemaakte ploftoestelle, naamlik "emmertjie-bomme" en 'n motorbuitebandbom waarin 30kg Dyna-gel in toegewerk is.

Nadat die laaste besending wapens afgelewer is , is besluit dat Humprey Ndlovu voortaan die skakel persoon sal wees en dat ons deur hom na C J Mtetwa sal werk -Victor Ndlovu sou die direkte skakel wees in die plek van Temba Khoza. Alle oorhandigings het van daar af slegs aan Victor Ndlovu plaasgevind. Ek is nie heeltemal seker nie, maar e dink dat alle nommers op die AK47 gewere verwyder is en later sommer toegesweis is.

Dit het later geblyk dat alle tipies Oos-blok handgranate opgeraak het - ek het besluit en ook die voorstel aan Brood van Heerden gemaak om pyp-bomme te maak wat geskoei is op die basis soos wat deur die Rivonia-groep in die vroeë 60tiger jare gebruik is. Willie Nortje het gevra of ons nie M26 handgranate kan gee nie. Ek het geantwoord dat dit moontlik is maar dat alle uitkennings daarop verander moes

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

word. Ons het voortgegaan om die volgende veranderings aan die handgranate aan te bring :

a. Verwydering van alle nommers ;
b. Die kleur te verander ;
c. Vislyn aan die afwerkhefboom te heg - sodat die hefboom aan die granaat sou bly - wat daartoe sou aanleiding gee dat die hefboom saam met die handgranaat vernietig sou word tydens die ontploffing.
d. Die veiligheidshoef is verwyder.

Die idee was dat slegs handgranate van Owamboland vir hierdie doel aangewend word. Die handgranate was deurmekaar gewees en ek het gedink dat dit nie noodwendig aan die Polisie behoort het nie en dat dit ook Weermag uitreikings kon wees. Die veranderings is gedoen deur Snor Vermeulen en Lionel Snyman. Sie spuitverfwerk is gedoen eur Steve Bosch.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die handgranate is dof swart geverf sodat dit nie in die nag glinster nie - aanvanklik op versoek van Brood Van Heerden is slegs 12 van die handgranate gemaak en aan hom gegee. Hy het egter daarna versoek dat nog handgranate gemodifiseer en aan hom gegee word. Van hierdie handgranate , ongeveer 24 - 30 is deur my en Willie Nortje afgeneem na C J Mtetwa se huis in Ulundi. Deel van hierdie

besending handgranate was ondermeer 6 - 8 AK 47 gewere. Met 'n tweede geleentheid na C J Mtetwa se huis het ons eer 6 - 8 AK 47 gewere plus AK 47 ammunisie geneem. Pistole is by een of twee geleentheid ook deur my aan C J Mtetwa in Johannesburg gegee.

Die swart handgranate is deur my en Willie Nortje aan Victor Ndlovu gegee. Ek kan onthou dat ~~Steve Bosch~~, ~~Wouter Mentz,~~ Willie Nortje, DaveD Brits by verskeie geleenthede teenwoordig was. Die oorhandigings is meestal gedoen in die kelder verdieping van die United Towers-gebou in Johannesburg en ook soms onder 'n duikweg op die snelweg suid van Johannesburg. Brood van Heerden was so ver my kennis strek altyd teenwoordig gewees tydens hierdie oorhandigings.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Generaal Krappies Engelbrecht en Kolonel Herman Du Plessis het inderdaad kennis gedra van die swart handgranate. Roelf Maritz van die Soweto Veiligheidstak het op 'n stadium met sy eie ondersoeke begin. Ek dink dat hy vir Krappies Engelbrecht genader het en Generaal Engelbrecht het die dossier by Roelf oorgevat en dit gehou. Later het ek en Willie Nortje vir Krappies Engelbrecht by sy kantoor besoek. Ons het om 'n ronde tafel gesit en Kolonel du Plessis was ook teenwoordig gewees. Krappies Engelbrecht het kennis gedra dat die swart handgranate van ons af kom. Hy het aan ons genoem dat dit vasgestel is dat die handgranate destyds wel aan die S A Polisie

uitgereik is. Hy het die verskille wat tussen die S A W en die Polisie uitreikings bestaan het aan ons vermeld. Hy het ook ;n brief aan ons getoon wat die onderskeie verskille uitgewys het en wat aangetoon het aan wie die handgranaat uitgereik is.

Na hierdie vergadering is daar besluit om die verder voort te gaan met die verskaffing van handgranate nie. Generaal Krappies Englebrecht se houding was dat daar nie wapens gebruik moes word met die hulpverlening aan Inkata nie, wat na die Polisie teruggespoor kon word nie.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die besonderhede is nie duidelik nie maar ek vermoed dat hierdie wapens in verskeie operasies van Inkata gebruik is waarin daar waarskynlik ~~'n groot aantal~~ mense om die lewe gebring is.

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES :**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING

WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE**

**PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

GENERAAL ENGELBRECHT, GENERAAL HERMAN DU PLESSIS

GENERAAL BASIE SMIT

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**INSIDENT 2 :**

**THEMBU XHOSA ARRESTASIE :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE

REGSVERYDELING

(ii) DATUM :

1990

(iii) PLEK :

SUID AFRIKA - PRETORIA EN VEREENIGING

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Gedurende 1990 het 'n slagting plaasgevind te Sebokeng aan die Oos Rand. Na die plaasvind van hierdie slagting is ek deur 'n baie ontstelde Willie Nortje meegedeel dat Themba Khoza is na die slagting gearresteer met onder andere wapens wat ons aan hom sou verskaf het. Ek het onmiddellik voortgegaan om vir Brood van Heerden te skakel en te verneem of dit inderdaad so was en het hy toe wel bevestig dat dit die geval is. Ek toe natuurlik ook baie ontsteld en het toe dadelik probeer om met Generaal Engelebrecht in verbinding te tree. Ek kon nie vir Generaal Engelbrecht in die hande kry nie, maar het met Generaal Nick van Rensburg geskakel. Generaal van Rensburg het my meegedeel dat hy op pad was na 'n sogenaamde bosberaad en dat hy later met my sou skakel. Die voertuig waarin die wapens was, was 'n blou Nissan Sentra en is uit die geheime fonds

deur die Polisie aan Temba Khoza voorsien. Temba Khosa het direk aan my gemeld dat na die aanval die IVP lede op die toneel aan Temba gemeld het dat hulle steeds in besit is van hulle wapens, onder andere AK 47 gewere. Die lede wou weet wat hulle te doen gestaan het. Hy het hulle toe meegedeel dat hulle al die wapens in sy voertuig moes sit. Hy het ook gemeld dat nie al die wapens wat in sy voertuig was, wapens wat hy van ons gekry het nie - maar dat daar ook wapens was van uit 'n ander bron verkry is.

Die wapens waarop beslag gelê is is na die forensiese afdeling van die S A P geneem vir ontleding. Generaal Nick van Rensburg het op sy beurt met iemand gereël dat die wapens vir 'n dag of twee daar afgehaal word sodat daar aan die oorspronklike ballistiese eienskappe veranderings aangebring kon word. Die wapens is deur Willie Nortje by forensies afgehaal. Die wapens is, indien my herinnering korrek is, na Vlakplaas geneem waar daar toe gepeuter is met die wapens sodat die ballistiese kenmerke verander kon word. Die doel was om Temba Khoza en die IVP te verontskuldig deur mee te bring en aan te toon dat daardie nie wapens gebruik was in 'n skietvoorval nie. Nadat daar met die wapens gepeuter was en die ballistiese kenmerke verander is, is die wapens weer teruggeneem na die forensiese afdeling van die Polisie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Tydens Temba se arrestasie het ek en Willie Nortje hom besoek ,by die Veiligheidskantore in Vereeniging op Vanderbijlpark. Ons het hom gaan spreek ten einde te bepaal of daar enige feite is wat daarop dui dat ons ~~betrokke was by die~~ hulp verleen aan DIE IVP ~~aanval~~. Brood van Heerden het 'n paar dae later kon vertel dat die IVP in Transvaal

Ons was nog nooit by enige aanvalle of beplanning van aanvalle betrokke nie

nie Temba Khoza se borg kan betaal nie en dat Ulundi laat weet het dat hulle eweneens nie genoeg geld het nie. Ek onthou dat die bedrag van R10 000 ter sprake was.

Ek het Generaal Nick van Rensburg genader en die probleem aan hom gestel. Hy het gemeld dat ons die geld moet bekom soos ons goed dink. Dit het maar weer daarop neergekom dat ons vals eise moes insit en het ons dan ook voortgegaan om R10 000 so te genereer. Die bedrag van R10 000 is aan Brood van Heerden gegee en ons het nooit weer die geld gesien nie.

So ver dit tot my kennis strek het ons nooit deelgeneem aan aanvalle wat deur die IFP geloods is nie en was ons spesifiek nie betrokke by die slagting wat te Boipatong plaasgevind het nie, of enige ander slagting nie

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

N V T

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE <u>NAASBESTAANDES :</u>**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND &

INLEIDING.

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

GENERAAL NICK VAN RENSBURG

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

B) SAAKNOMMER/S :

N V T

C) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b INDIEN WEL, MELD :

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HA NG EN D IS :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

**INSIDENT 3 :**

**PHILLIP POWELL - VERSKAFFING VAN WAPENS EN MILITêRE WAPENTUIG AAN INKATA ( OKTOBER 1993) :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE

WEDEREGTELIKE EN OPSIGTELIKE BESIT VAN PROJEKTIELE WAT BESTEM WAS OM UIT 'N MORTIER AFGEVUUR TE WORD TE WETE :

A. 112 60MM HE MORTIERE EN 2 16-60MM LLUM MORTIERE

B. GRANATE TE WETE : 1032 M26 HANDGRANANTE ; 1 428 GEWEER GRANATE ASOOK DIE VOLGENDE MISSIEL LANSEERDERS TE WETE :

A. 82 RPG ~~LANSEER BUISE~~ missiele

B. 6 RPG 7 ~~MISSIELE~~ lanseerders

ii) WEDEREGTELIKE EN OPSETLIKE BESIT VAN PLOF EN ONTBRANDINGSTOESTELLE, NAAMLIK :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

A. 2000 DET IED 60 ELEKTRIESE SPRINGDOPPIES ; 1 100 BRANDTOU; 10,23 KILOGRAM PENTOLLET SPRINGSTOF; 490 METER DET VEILIGHEIDSLONT; 38 KILOGRAM SHEETEX BRANDSPRINGSTOF; 20 TRIP R1M1 LIG FAKKELS; 20 TRIP R2M1 LIG FAKKELS; 98 DONDERFLITSE; 700 ANTI-TENK MYNE; 1 478 METER DETONERINGS BRANDTOU

iii) DIE WEDEREGTELIKE EN OPSETLIKE BESIT VAN AMMUNISIE WAT BESTEM WAS OM UIT 'N MASJIENGEWEER GESKIET TE WORD, NAAMLIK :

A. 29 591 A 7.62 PATRONE; 3 400 X 9 LIGSPOORPATRONE;

**20 OKTOBER 1993 :**

i) WEDEREGTELIKE EN OPSETLIKE BESIT VAN PROJEKTIELE WAT BESTEM WAS OM UIT 'N MORTIER AFGESKIET TE WORD NAAMLIK:

36 X 81 MM MORTIERE ; 128 X 60 MM MORTIERE; 24 X 81 MM M
OR
TIE
RE
-
VO
LG
EN
DE
GR
AN
AT
E
TE
WE
TE
:
40
X
HE

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

NR
7
HA
ND
GR
AN
AT
E ;
1 0
X
H 1
M I
N I
HA
ND
GR
AN
AT
E ;
2 3
8
X
M2
6

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

HA

ND

GR

AN

AT

E.

ii) WEDEREGTELIKE EN OPSETLIKE BESIT VAN PLOFSTOF OF ONTBRANDINGSTOESTELLE OF ONDERDELE DAARVAN TE WETE :

100KG PE4 IDEMS LADING ; 120KG DENTOLITE AANJAAGLADING ; 200 SKROOTMYNE; 50KG PE9 IDEMS LADING;

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

iii) WEDEREGTELIKE EN OPSETLIKE BESIT VAN AMMUNISIE WAT BESTEM WAS OM UIT 'N MASJIENGEWEER GESKIET TE WORD , NAAMLIK :

7 500 X 7,62 PATRONE

iv) WEDEREGTELIKE EN ONGEMAGTIGDE BESIT VAN ONTPLOFBARE STOWWE, TE WETE :

100KG TNT VLOKKIES ; 25 KG RDX/TNT 50/50 PLOFSTOF ; 100MM CORTEX X 10 KNAL LONT ; 4 500METER KNALLONT

(ii) DATUM :

20 OKTOBER 1992

(iii) PLEK :

SUID AFRIKA - PRETORIA ULUNDI

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

In 1992 het ek vir Philip Powell tydens 'n funksie ontmoet. Powell het saam met ene Stuart Cummings by die funksie opgedaag. Gesprekke het ondermeer gegaan oor die IFP aangesien ons almal IVP simpatiseerders was. Ek het nie vir Powell op daardie stadium geken nie en het om ook nie vertrou nie - ek het egter navraag gedoen by Generaal Jack Buchner wat ook teenwoordig was by die funksie. Buchner het gesê dat ek hom kan vertrou en dit is dan ook bevestig deur ander mense wat teenwoordig was naamlik Larry Hanton en Sam du Preez. Ons het aan die einde van die aand telefoonnommers uitgeruil.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Op 'n later stadium het Powell my gekontak en ons het by die Centurion Hotel in Pretoria ontmoet. Hy was weer vergesel van Stuart Cummings en ons het tydens die ontmoeting slegs mekaar se gevoelens getoets. Die gesprek het onder andere gehandel oor opleiding van IVP lede en Powell wou weet of ek in staat sou wees om te help met die verskaffing van instrukteurs. Tydens hierdie ontmoeting was Stuart Cummings weereens teenwoordig gewees.

Ons het daarna 'n derde ontmoeting gereël en tydens die 3de ontmoeting tussen my en Philip Powell was ek en hy alleen. Alle gesprekke was baie algemeen gewees en geen beplanning is gedoen nie - en geen strategie is bespreek nie. Ek glo die ontmoetings was wat betref sy siening om my bloot beter te leer ken as 'n

kontak persoon en die sogenaamde "grense" te bepaal.

Philip Powell het net nadat ek uit die S A Polisie is, my versoek om hom van wapens en ammunisie te voorsien vir opleiding. Ek het aan hom R1 en 9mm ammunisie , RPG lanseerders, PG7 pyle, geweergranate wat van G3's afgeskiet word, M26 handgranate, oefenhandgranate, 60 mm mortiere, 82mm mortiere en S A handgemaakte landmyne (opleidings tipe) gegee.

Die wapentuig is in ses vragte met 10 ton vragmotors vervoer vanaf Mechem waar die wapens gestoor was. Behalwe ons eie wapens wat op Mechem gestoor was, het ek ook van Mechem se wapens bekom, waarvan hulle te veel gehad het, en hulle, die maksimums oorskry het. Al bovermelde wapens was verpak in hulle kaste.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die trokke was bestuur deur lede van die Kwazulu Polisie en hulle was gewapen met 'n R1 geweer en 'n pistool. Die trokke het behoort aan die Kwazulu regering maar ek het later van Powell verneem dat die trokke wel die eiendom van die Kwazulu Polisie was. ie opleiding is gefinansier deur dat elke IVP lid 'n bedrag van R5 moes betaal.

Philip Powell was met oorgawe 'n IVP ondersteuner gewees. Hy het per geleentheid met trane in sy oë vertel dat hy moeg daarvoor is om tussen die lyke van sy mense deur te loop en dat sy mense ver te kort skiet ,in die opleiding en dat hulle derhalwe afgemaai word deur die ANC.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

GEEN

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

N V T

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES :**

N V T

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE**

**DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

* SAL VERSKAF WORD

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

HOOGGEREGSHOF (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

(b) SAAKNOMMER/S :

CC266/94 - 1 OKTOBER 1993

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

a. Oortreding van Artikel 32(1)(b) gelees met Artikels 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969.

b. Oortreding van Artikel 31(1)(c) gelees met Artikels 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969.

c. Oortreding van Artikel 32(1)(e) gelees met Artikels 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969.

d. Oortreding van Artikel 32(1)(b) gelees met Artikels 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

REEDS GEVONNIS EN AFGEHANDEL

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

i) Wederegtelike en opsetlike besit van projektiele wat bestem is om uit 'n mortier geskiet te word te wete : 112 60 mm HE mortiere ; 16 60mm Illum Mortiere; 1 032 M26 handgranate; 1 400 28 geweer granate en die

volgende missiel lanseerder te wete : 182 RBG lanseerbuise; 2 6 RPG 7 missiele.

ii) Die wederegtelike en opsetlike besit van plofstof en ontbrandingstoestelle of onderdele daarvan, naamlik : 2 000 DET IED 60 elektroniese springdoppies ; 10 000 DET 6 D springdoppies ; 1 100 meter brandtou ; 10,23 kilogram Pentolet springstof; 490 meter DET veiligheidslont; 38 kilogram Sheetex brandbladspringtof; 20 TRIP R1M1 ligfakkels; 20TRIP R2M1 ligfakkels ; 89 donderflitse; 700 anti tenk myne; 1 487 meter detonerings-brandtou.

iii) Die wederegtelike en opsetlike besit van ammunisie wat bestem was om uit 'n masjiengeweer geskiet te word, naamlik : 29 591 x 7.62 patrone; 3 400 x 9 mm lugspoorpatrone

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**<u>20 OKTOBER 1993 :</u>**

i) WEDEREGTELIKE EN OPSETLIKE BESIT VAN PROJEKTIELE SOOS HIERBO UITEENGESIT ;

ii) DIE WEDEREGTELIKE EN OPSETLIKE BESIT VAN ONTPLOF EN ONTBRANDINGSTOESTELLE, SOOS HIERBO UITEENGESIT (Paragraaf

iii) DIE WEDEREGTELIKE EN OPSETLIKE BESIT VAN AMMUNISIE WAT B E

S T
EM
I S
OM
UIT
' N
M
A S
JIE
NG
EW
E E
R
G E
SKI
E T
T E
W
O R
D ,
S O
O S
U I
T E

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

EN
GE
SIT
IN
PA
RA
GR
AA
F
9.
A
HIE
RB
O.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

iv) WEDEREGTELIKE EN OPSETLIKE BESIT VAN GEMAGTIGDE ONTPLOGBARE STOWWE SOOS UITEENGESIT IN PARAGRAAF 9.A.

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

*SAL VERSKAF WORD

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING):

TEN OPSIGTE VAN i) VAN PARAGRAAF (e) HIERBO :

TEN OPSIGTE VAN ii) VAN PARAGRAAF (e) HIERBO :

TEN OPSIGTE VAN iii) VAN PARAGRAAF (e) HIERBO :

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

*SAL VERSKAF WORD

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**INSIDENT 4 :**

**WAPENS VAN OWAMBOLAND NA VLAKPLAAS :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE

WAPEN SMOKKEL, OORTREDINGS INGEVOLGE DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE

ALLE ANDER MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE

ALLE ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DATUM :

LAAT TAGTIGER JARE

(iii) PLEK :

VLAKPLAAS EN OWAMBOLAND SUID WES AFRIKA

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Gedurende die tagtiger jare is ek deur Brigadier Schoon meegedeel om wapentuig vanaf Owamboland te gaan haal en dit dan te stoor te Vlakplaas. Wanneer daar genoegsame wapens was in Owamboland - het Generaal Sterk Hans Dreyer vir Brigadier Schoon gekontak en hom dan versoek om te reël dat die wapens vervoer word na die Republiek toe.

Die wapens is spesifiek Vlakplaas toe vervoer omdat die Polisie ~~Anargie~~ Hiërargie reeds op daardie stadium geweet het dat Vlakplaas die operasionele arm was van die Veiligheidspolisie en die Polisie in die algemeen en Vlakplaas dikwels in die toekoms van hierdie wapens gebruik sou moes maak.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het dan in opdrag van Brigadier Schoon - na Owamboland vertrek en die wapens dan op Vlakplaas kom stoor.

Ek het by twee geleenthede saam gereis na Owamboland toe. By twee ander geleenthede het ek iemand anders gestuur om die wapens te gaan haal en ek kan my herinner dat daar by een geleentheid 'n Martin Naude saam was. Met die laaste geleentheid na Owamboland het Generaal Dreyer my ook gevra om 2 Unimog vragmotors en sleepwaens saam te neem na die Republiek toe.

Die wapens wat afgevoer is na die Republiek toe is vir verskeie aksies gebruik, naamlik :

a. Eie gebruik ;

b. Opleiding ;

c. Oorgrens operasies ;

d. Binnelandse operasies - byvoorbeeld landmyne en chinese springstof wat in Kosato Huis gebruik was.

e. Vir oorhandiging aan ander veiligheidstakke veral die Soweto tak waar Kolonel Grobler en Frans van Tonder by geleentheid spesifiek gevra het vir Oos-blok wapens.

Ek kan nie onthou in watter operasies dit aangewend is nie. Ek het aanvanklik gepoog om 'n register aan te hou waarin die wapens aangeteken was, maar die register het metteryd in onbruik verval. Ek het hierdie register ook met die Goldstone Kommissie openbaringe vernietig. Wapens en ammunisie is ook uit hierdie bron na verskeie Generaals gegee waarvoor hulle dan later lisensies bekom het.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Wapens en ammunisie is ook aan verskeie Generaals gegee waarvoor hulle dan later lisensies bekom het, sowel as ander lede.

Ek het aanvanklik boek gehou van al die wapens en ammunisie wat uitgegee is. In die register is inligting vervat by voorbeeld die tipe wapen en nommer, aan wie dit gegee is, die hoeveelheid en tipe ammunisie. Ek het net voor my arrestasie vir Generaal Krappies Engelbrecht by die Wimpy in Menlyn ontmoet en is die register daar aan hom oorhandig.

Ek het alle ander dokumente vernietig maar die register gehou. Ons het nie net Oos-blok wapens gehad nie, maar ook eie wapens vanaf Owamboland gebring, naamlik R1 en R4 gewere met ammunisie. Daar kon ook twee of drie LMG gewere gewees het. Die eie wapens was geweldig baie gebruik vir opleidingsdoeleindes.

Gedurende die Harms-kommissie se ondersoek het Generaal Stadler my geskakel en meegedeel dat mense van die pers die plaas gaan besoek en as ek enige iets op die plaas het wat snaaks of ongewoon is, moet ek daarvan ontslae raak. Alle wapentuig vanaf Ovamboland het ons toe verskuif na die plaas Daisy toe.

Later tydens die Harms-kommissie se ondersoek het Daisy se naam ook in gedrang gekom en moes ons die wapens weereens verskuif en is dit geneem Maleoskop. Generaal Dreyer het my op 'n stadium laat weet dat hy alles wat hy in Owamboland vir ons gegee het wil terughê. Ons het ongeveer 80% van die wapens na die Tonstore in die Polisie Kollege vervoer met 1 x 10 ton trok. Die 20% wapens wat agter gebly het, het ons verskuif na Mechem , en het ons van ons eie toerusting soontoe verskuif aangesien daar 24 uur wagte was en Mechem oor sy eie skietbaan beskik het wat die perseel dan baie strategies en doelmatig gemaak het.

Die wapens wat toe by Mechem gestoor is, is dan ook later deur bemiddeling van ~~Paul~~ Powell aan die IVP te Kwazulu Natal voorsien.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE,**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

GEEN

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

N V T

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES :**

N V T

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

N V T

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF**

**VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

BRIGADIER SCHOON, GENERAAL HANS DREYER, GENERAAL STADLER

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**<u>INSIDENT 5 :</u>**

**<u>POGING TOT MOORD OP DIRK COETZEE :</u>**

**<u>STRAFBARE MANSLAG - BHEKE MLANGENI</u>**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAMESWERING EN POGING TOT MOORD, OORTREDINGS INGEVOLGE DIE WET OP WAPENS & AMMUNISIE, MANSLAG
ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE
ANDER MISDRYWE WAT MAG BLYK UIT DIE FEITE

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DATUM :

MEI 1990 (DIRK COETZEE)
15 FEBRUARIE 1991 (BHEKE MHLANGENI)

(iii) PLEK :

PRETORIA/JOHANNESBURG

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Die voorval is voorafgegaan deur heelwat beplanning.

Op 'n dag voor die datum van die afsending van springstoftoestel waarna ek hier onder sal verwys, is ek na die kantoor van Brigadier van Rensburg te Veiligheidshoofkantoor ontbied.

By my aankoms by die voormelde kantoor het ek en Brigadier van Rensburg en Kolonel Herman Du Plessis 'n gesprek gevoer. Brigadier van Rensburg het 'n nota met 'n posadres in Zambië daarop aan my oorhandig. Hy het vir my gesê ons moet kyk of ons "'n plan kan maak" met Dirk Coetzee. Skynbaar was die adres op die nota die van Dirk Coetzee aldus Brigadier van Rensburg.

Dirk Coetzee moes in hierdie tydperk teen Generaal Lothar Neethling getuig en was die S A Veiligheidstak uiters begerig dat hy gedood moes word voordat hy kon getuig.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Daar was ook voorheen op verskeie maniere gepoog om vas te stel waar Dirk Coetzee hom sou bevind.

Daar is aanvaar dat daar een of ander middel wat Coetzee se dood sou veroorsaak per pos aan hom sou versend moes word aangesien ons slegs oor 'n posbus adres beskik het. Ek het toe vir Brigadier van Rensburg gevra van watter adres ons gebruik moes maak as synde die adres van die sogenaamde "afsender". Kolonel Herman Du Plessis het tussen beide gekom met 'n adres. Hy het gesê dat die enigste persoon van wie Dirk Coetzee iets sou ontvang is sy skakelpersoon ene Mbeki Mhlangeni, 'n prokureur wat verbonde was aan die firma Cheadle Thompson

& Heysom. Die korrekte posadres was later bekom en gebruik.

Ek het die aangeleentheid met Bellingham 'n lid van my personeel te Vlakplaas bespreek.

Bellingham was veral vertroud met die gewoontes en voorkeure van Coetzee. Volgens Bellingham was Coetzee besonder lief vir Neil Diamond musiek en is daar uiteindelik toe besluit om 'n walkman kassetspeler wat omgebou en aangepas is aan hom te stuur.

Vir hierdie doel het ons die hulp aan die tegniese afdeling van die S A Polisie ingeroep.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het die tegniese afdeling te Rebeccasstraat , Pretoria Wes besoek maar kan ek nie onthou of ek by daardie geleentheid deur iemand vergesel was nie. Ek het wel die aangeleentheid met die Bevelvoerder, W A L du Toit bespreek en het hy my meegedeel dat hulle in staat is om aan my versoek te voldoen en ingestem om my behulpsaam te wees. Die versoek was dat 'n bom gebou moes word wat in die walkman ingesit kon word. Ek het W A L du Toit meegedeel dat Steve Bosch wat ook 'n lid van my personeel was die aangeleentheid van daar verder sou hanteer.

Ek het daarna na Steve Bosch gegaan en hom ingelig omtrent die beplanning. Hy is aangesê om in samewerking met Bellingham die aangeleentheid met W A L du Toit en sy eenheid op te neem en af te handel. Ek het hom versoek om my op

hoogte van sake te hou en ek is dan ook inderdaad op hoogte gehou van die vordering en ook later deur Bosch in kennis gestel dat die pakkie versend is.

Ek het aanvanklik gedink dat die versending van die pakkie onsuksesvol was in die opsig dat daar 'n hele tydperk verloop het sonder dat daar enige terugvoer was. Die ander moontlikheid was dat die pakkie uit die possisteem gehaal is en dat die feit stil gehou is vir ondersoek doeleindes.

Op 'n dag ongeveer 10h00 het ek ,op 'n nuusberig oor die radio gehoor wat tot die strekking was dat 'n pakketbom ontplof het in 'n huis te Soweto. Ek het gedink dat dit die pakketbom was wat aan Coetzee gestuur is. Ek dink die berig oor die radio was gedurende die naweek gewees, maar is nie heeltemal oor die tyd seker nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Eers die volgende Maandag het ek verneem dat die ontploffing wat plaasgevind het, we veroorsaak was deur die bom wat ons afgestuur het.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

DOOD VAN MBEKI MHLANGENI

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

MBEKE MHLANGENI

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES :**

INLIGTING IS IN BESIT VAN DIE PROKUREUR GENERAAL VAN TRANSVAAL

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

INLIGTING IS IN BESIT VAN DIE PROKUREUR GENERAAL VAN TRANSVAAL

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE

WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN**

**INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

GENERAAL NICK VAN RENSBURG EN KOLONEL HERMAN DU PLESSIS

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(b) SAAKNOMMER/S :

CC26694

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

1. SAMESWERING EN POGING TOT MOORD OP DIRK COETZEE
2. MOORD OP BHEKE MHLANGENI

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN

ENIGE) :

REEDS SKULDIG BEVIND EN GEVONNIS

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

1. POGING TOT MOORD (DIRK COETZEE)
2. STRAFBARE MANSLAG (BHEKE MHLANGENI)

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

30 OKTOBER 1996

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING)

1. 5 JAAR GEVANGENISSTRAF (POGING TOT MOORD - DIRK COETZEE)
2. 10 JAAR GEVANGENISSTRAF (STRAFBARE MANSLAG - BEKE MHLANGENI)

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**INSIDENT 8 :**

**JOHANNES MABOTHE :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN**

VERBAND STAAN :

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

MOORD, BEGUNSTIGING, LYKSKENDING, OORTREDINGS INGEVOLGE DIE WET OP WAPENS & AMMUNISIE
ALLE MINDERE MISDRYWE ONDER BOGENOEMDE
ALLE ANDER MISDRYWE WAT BLYK UIT DIE FEITE

(ii) DATUM :

1989 - 1992

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(iii) PLEK :

PENGE - NELSPRUIT - BURGERSFORT & VEREENIGING

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Ek het by 'n vorige geleentheid 'n voormalige lid van die ANC ene Johannes Mabothe gewerf as 'n Askari. Hy is deur my eenheid gearresteer en daarna toe gewerf. Na sy werwing het hy hom op Vlakplaas gevestig en het hy onder my bevel gedien.

Hy was 'n geruime tyd woonagtig en werksaam te Vlakplaas. Sover ek my kan herinner was ek op 'n dag deur of Hoofkantoor, of Kolonel Grobler van Soweto in kennis gestel dat Mabothe deur die Soweto Veiligheidstak gearresteer is. Skynbaar was hy weer betrokke met onwettighede wat betref aanvalle op Polisie en het hy aangesluit by Winnie Mandela en haar voetbalklub.

Ek het na hierdie voorval vir Bellingham, Kolonel Grobler, Chappies Klopper en nog 'n lid by die Marble Hall Polisie stasie ontmoet waar Mabothe ook teenwoordig was. Ons het na 'n plaas in die omgewing gegaan waar Mabothe buite 'n hut deur Klopper en die Sowet lede ondervra was. Hy was veral ondervra aangaande sy bedrywighede in Soweto gewees.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek en Bellingham het dieselfde dag nog na Pretoria gegaan en is Mabothe in die sorg van Kolonel Grobler gelaat. Ek het verneem dat hy aangehou gaan word en 'n ruk later is ek deur Kolonel Jan Potgieter van die Soweto Veiligheidspolisie in kennis gestel dat hulle Mabothe gaan vrylaat maar dat daar "'n plan" met hom gemaak moet word om te voorkom dat hy weer by Winnie Mandela gaan aansluit en dan weer voort sou gaan om polisiemanne dood te skiet.

Ek het Kolonel Potgieter gevra om my in kennis te stel van die dag van sy vrylating en daar was by hoegenaamd geen twyfel nie dat Kolonel Potgieter bedoel het dat Mabothe gedood moes word.

Op die dag van Mabothe se vrylating het Kolonel Potgieter my in kennis gestel dat

hy vir Mabothe gaan vrylaat en is daar gereël dat 'n aantal van my lede 'n entjie van die Polisiestasie af sou wag waar Mabothe dan vrygelaat sou word. Ek het vir Dawid Brits en nog iemand anders aangesê om Kolonel Potgieter op die afgespreekte plek te ontmoet en ekself en Wouter Mentz het ook na die omgewing van die oorhandiging gegaan om die gebeure te monitor.

Ek het die oorhandiging van Mabothe deur Potgieter aan Brits hulle waargeneem. Na die oorhandiging is ek en Mentz terug na Vlakplaas terwyl Brits hulle met Mabothe na 'n verdere ontmoetingsplek is waar nog lede van C10 ontmoet moes word. Van daar sou hulle a die Pengne myn vertrek waar ek e Mensch hulle later sou ontmoet.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek en Mentz het die res van die groep soos afgespreek, by Penge ontmoet en my herinnering is dat die volgende persone teenwoordig was :

1. Ekself ;
2. Wouter Mentz ;
3. Dawid Brits
4. Snor Vermeulen
5. Lionel Smit
6. F Leon Floris.

Mabothe was weereens ondervra omtrent sy bedrywighede met spesifieke verwysing na die doodskiet van polisiemanne en die gebruik van vuurwapens.

Mabothe het ontken dat hy enige iets weet van sulke voorvalle.

Ons het saam met Mabothe in die gat van 'n oop groefmyn gaan staan - daar was reeds springstof geplaas op die punt waar ons gaan staan het - dit is reeds vroeër afgespreek dat Mabothe na die myn geneem sou word , daar doodgeskiet sou word en dat sy liggaam dan met springstof vernietig sou word. Toe Mabothe die springstof op die grond sien, het hy omgedraai en na my gekyk. Ek het hom tweekeer met 'n .38 "Special" rewolwer direk in sy hart geskiet. Hy was onmiddellik dood. Vermeulen en Snyman het sy klere uitgetrek en die lyk op die springstof geplaas - ons het daarna teruggekeer na waar die voertuie gelaat was. Een van die twee, Vermeulen of Snyman het die springstof daarna gedetoneer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die lyk is deur die springstof vernietig en alhoewel ek nie na die ontploffingsplek gegaan het om dit weer te besigtig nie, het ek verstaan dat die detonasie volledig was.

Ek en Wouter Mentz het nie langer by die myn vertoef nie en is ons onmiddellik terug na Pretoria. Die ander lede het agter gebly om die toneel op te ruim.

Na die plaasvind van hierdie voorval het ek aan Brigadier Schoon, toe die bevelvoerder van Seksie C gerapporteer dat die Askari wie vroeër weggeloop het, ons nie weer sou pla nie en het ek daardeur duidelik te kenne gegee dat hy doodgemaak is.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

MABOTHE IS OM DIE LEWE GEBRING

9.c

(i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

JOHANNES MABOTHE

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE <u>NAASBESTAANDES :</u>**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

ONBEKEND

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF**

**VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

KOLONEL JAN POTGIETER - SOWETO VEILIGHEIDSPOLISIE

BRIGADIER WILLEM SCHOON

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

NEE.

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**<u>INSIDENT 9 :</u>**

**<u>VAKBONDKANTORE : KRUGERSDORP :</u>**